

PROF. M.J.H. DU PLESSIS
DEPARTEMENT FRANS

VERTALING EN WERKLIKHEIDSVISIE

Taal as inventaris

Die klassieke opvatting van die betekenis van 'n woord is reeds deur SAUSSURE aan die begin van die eeu (1916:97) betwyfel as hy sê: “Vir sekere mense is taal ... in sy wese 'n nomenklatuur, dit wil sê 'n lys van terme wat ooreenstem met 'n gelyke aantal dinge Hierdie opvatting veronderstel kant en klare idees wat woorde voorafgaan.” Saussure se siening raak die vertaling direk, veral as hy vervolg’ “As woorde voorafgaande begrippe mocs weergee, dan sou hulle elk, van een taal na 'n ander, presies ooreenstemmende weergawes gehad het vir die betekenis”. (Saussure 1916:161).

Lank na Saussure bestry Martinet (1960:14) ook hierdie idee van “taal-repertoire”. Hy praat van die naëwe opvatting waarvolgens 'n taal 'n opgawe (repertoire) van woorde sou wees, dit wil sê stem- of grafiese voortbrengsels waar elke woord dan sou ooreenstem met 'n ding. Verskille tussen tale sou net neerkom op verskille in benoeming. Vir 'n perd sou 'n Duitser “Pferd” sê, 'n Fransman “cheval” en 'n Engelsman “horse”. Om 'n ander taal aan te leer sou dan neerkom op die onthou van 'n nuwe stel benoeming of woordelyste wat in alles parallel loop met die vorige (bekende).

Marinet (1960:15) voeg by dat hierdie opvatting van taal-repertoire gebaseer kan word op die simplistiese idee dat die hele wêreld nog voordat die mens sy oë daarop gelê het, in perfek onderskeibare kategorië van dinge gerangskik is, en dat elke ding dan in elke taal sy eie benoeming gekry het. Die wêreld bestaan dus uit 'n voorraad voorwerpe, materieel en geestelik, duidelik onderskeibaar, en elke taal maak sy eie inventaris hiervan, met 'n eie etikettering en 'n besondere benoeming. Maar dan sou ons sonder probleem van een inventaris na 'n ander kon oorskakel, want in beginsel en grosso modo sou elke voorwerp net een etiket hê, en elke nommer sou net een artikel aandui binne dieselfde voorraad wat vooraf aan al die voor-

raadopnemers gegee sou word. Die tekortkoming van hierdie tipe taalnomenklatuuropvatting is dat dit veronderstel dat die verband tussen 'n naam en 'n ding 'n heel eenvoudige saak is (Saussure 1960: 97), terwyl ons weet dat die verband tussen 'n ding en 'n woord deur 'n baie meer ingewikkelde werking tot stand kom. Dit is ook meer as die verband tussen 'n konsep en 'n akoustiese beeld.

Hierdie ingewikkelde werking, waardeur die betekenis aan 'n woord geheg word, dit wil sê die verband wat tussen die *ileereferensie* en die *naam* gelê word (signifié – signifiant), kan nie bloot die benoeming van 'n inventaris wees nie; dit is 'n sisteem wat met 'n net vergelyk kan word waarvan die openinge soveel semanties onderafhanklike mase vorm. Sodra mens maar net een maas van die net skeeftrek, dan trek al die ander mase ook skeef. (Mounin, 1963:23). Die konseptuele deel van die waarde van 'n woord bestaan alleen uit die verhoudings en die verskille met die ander woorde van die taal (Saussure, 1960:98). As sekere woorde van die sisteem “vrees”, “beangs wees”, “verskrik wees”, “bewe vir”, “onrustig voel” ensovoorts nie in Afrikaans bestaan het nie, dan sou die betekenis van die woord (signifiant) “vrees”, byvoorbeeld, die hele oppervlakte van hierdie verwante betekenis moes dek. Die presiese waarde van “vrees” is dus dit wat die ander woorde binne die sisteem nie is nie. Met die bewering dat idees met konsepte ooreenstem, bedoel mens eintlik dat die konsepte suiwer differensieel is, en nie in die eerste plek deur hul inhoud nie, maar deur hul verhouding met hierdie ander terme van die sisteem bepaal word.

Dit kan met G. Mounin se voorbeeld illustreer word (Mounin, 1963:24). 'n Dorpseun van ongeveer tien jaar oud beskik gemiddeld oor die volgende drie woorde om al die plantgewasse in die graanklas op die platteland en in landerye aan te dui: *koring*, *gras* en moontlik *mielies*. 'n Duidelike bewerkte land met groen plante in die “herbacea”-klas is vir hom net “koring”. Plante van hyna dieselfde voorkoms, maar op onbewerkte terrein sal “gras” wees. Alles wat nie “gras” is nie, is “koring” en andersom. As die dorpseun nou leer om hawer aan sy are uit te ken, dan sal alles wat nie “hawer” is nie, nog steeds “koring” wees. Maar as hy nou verder leer om gars te onderskei, dan is alles wat nie “hawer” of “gars” is nie, nog

steeds "koring". Daar kan later ook nog "rog" bykom. In onderskeid met sy jonger broertjie van ses jaar oud, wat met een woord "gras" ken, dit wil sê wat nog 'n ongedifferensieerde een-termsisteem besit, beskik hy nou oor 'n leksikale sisteem met vier of vyf onafhanklike terme, elkeen gedefinieer in teenstelling met al die ander, binne die behoeftes van sy taalkommunikasie. In die stad kon hy nie elke graansoort by die naam noem nie, want hy was nie in 'n situasie waar dit nodig sou wees om dit te benoem nie. Hy sal miskien met sy sisteem 'n groen rysland as koring aansien of graansorghum met jong mielies verwar, maar sy vermoë van gedifferensieerde benoeming van graansoorte stem ooreen met sy sosiale praktyk van jong dorpsseun op vakansie in die platteland. Hierdie gedifferensieerde sisteem kan nog verder gevoer word as dieselfde seun later landboukundige of saadhandelaar sou word. Daar sou die sosiale praktyk van hom 'n baie meer gedifferensieerde bepaling binne dieselfde werklikheidsfeer vereis, byvoorbeeld 'n dosyn of meer variëteite van koring. Die totale semantiese oppervlakte word by die jong dorpsseun deur 'n eenvoudige patroon gedeel. Hy dui nog dieselfde kwantiteit in die werklikheid aan met 'n enkelvoudige benoeming. Elke besondere term binne ddie hele sisteem is dit wat al die ander terme (binne die sisteem) nie is nie.

Benoeming as 'n 'sisteem'

Hierdie voorbeeld van Mounin illustreer Saussure se idee van benoeming as 'n *sisteem*, en staan reg teenoor die tradisionele opvatting van taal as 'n nomenklatuur, benoeming of naamgewing. Sou dié opvatting verkeerdlik uit die Bybel kom, met die benoeming van dinge as 'n toekenning van name? Gen. 1: 5, 8 en 10. "En God het die lig dag genoem en die duisternis het hy nag genoem ... En God het die uitspannel hemel genoem ... en God het die droë grond aarde genoem." Verder ook, Gen. 2:19 – 20: "En die Here God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle name wees. So het die mens dan name gegee aan al die vee en al die voëls van die hemel en al die diere van die veld."

Wat ookal Plato se bedoeling met sy "Cratyle" was, kan die enorme plek wat die soortnaam, die eienaam en die benoeming van dinge daarin beklee, tog nie ontken word nie. (Mounin, 1963:26). Die Bybel en die "Cratyle", wat 'n belangrike plek beklee in die tradisionele opvatting van taal-repertoire, illustreer die denkproses waardeur die toekenning van name aan dinge (en van betekenis aan woorde) soos 'n soort doop of sensusopname beskou is.

Waar Saussure dus in sy "Cours" die ou opvatting van taal as inventaris kritiseer en aantoon dat die verband in die taal-referent (*signe linguistique*) tussen die akoustiese beeld en die konsep ingewikkelder is as wat geglo word, daar kom Z.S. Harris in 1954 met die idee dat taal nie 'n "bag of words" is waaruit mens een vir een woord kan uithaal nie (Harris, 1954: 156): Dit is volgens Harris 'n opeenvolging, 'n aaneenskakeling van sistecmtabelle waaruit mens in elke besondere geval verwantes bepaal en bereken. Gesamentlik dui dié twee opvattinge daarop dat die woord-vir-woord vertaling nie kan werk nie, omdat woorde nie noodsaaklikerwys dieselfde konseptuele oppervlakte van een taal tot 'n ander dek nie.

Die problematiek van vertaling

Dit is verder 'n bekende feit dat Bloomfield, en na hom ook die distribusionele grammatika, 'n vraagteken plaas agter die semantiese aspek, die betekenis van begrippe. Omdat die sin en betekenis van 'n begrip onseker en onbereikbaar bly (dit impliseer die situasie asook die gedragsreaksie van die hoorder), is die oordrag van die ware betekenis van een taal na 'n ander ook nooit seker en sonder twyfel nie.

Die hedendaagse linguistiek het dus indirek, deur die vernietiging van die tradisionele opvatting van betekenis, 'n vraagteken geplaas agter die moontlikheid en die wettigheid van vertaling. Mounin (1963: 21 – 40) wys daarop dat daar maar nog altyd aanvaar is dat die strukture van taal min of meer direk voortspruit uit die strukture van die werklikheid enersyds en die universele strukture van die menslike gees andersyds. Dit wil sê daar is naamwoorde en voornaamwoorde in tale omdat daar wesens op aarde is; daar is werkwoorde in tale omdat daar prosesse en aksie op aarde is;

daar is adjektiewe in tale omdat die wesens hoedanighede het, ensovoorts.

Een besondere taal plaas 'n gelyk aan (=) teken tussen sekere woorde (a, b, c, d) en sekere wesens, prosesse en hoedanighede (A, B, C, D):

$$a, b, c, d \dots = A, B, C, D \dots$$

'n Ander taal plaas weer 'n gelyk aan (=) teken tussen sekere ander woorde (a', b', c', d' ...) en dieselfde wesens, prosesse en hoedanighede (A, B, C, D ...):

$$a', b', c', d' \dots = A, B, C, D \dots$$

Vertaling het dus daarin bestaan om te sê dat:

$$a, b, c, d, \dots = A, B, C, D \dots$$
$$a', b', c', d' \dots = A, B, C, D \dots$$

dus

$$a, b, c, d \dots = a', b', c', d' \dots$$

Vertaling sou daarom wees soos die omrekening van die literinhoudsmaat tot die gellinginhoudsmaat. Die houer bly nog dieselfde, so ook die inhoud, of dit nou in liters of in gellings uitgedruk word: die realiteit en die kwantiteit bly onveranderlik. (Mounin, 1963:42).

Werklikheidservaring en taal

Hierdie siening sou wou hê dat die menslike denke oral en altyd die ervaring wat hy van die werklikheid het volgens universele logiese en psigologiese kategorieë moet indeel. Alle tale sou dan onderling perfek kon kommunikeer omdat hulle van dieselfde realiteit en werklikheid praat, van dieselfde algemeen-menslike ervaring wat beleef en geanaliseer word volgens kategorieë wat identiese denkpatrone vir alle mense veronderstel. Vertalingsprobleme sou dan alleen beperk wees tot foute met betrekking tot inhoudsvorme en uitdrukkingsvorme in die brontaal (L.S.) en die teikentaal (L.C.).

Reeds lank voor Saussure gekom het met 'n nuwe benadering in betekenis, het Willem Von Humboldt in die vorige eeu 'n omwenteling gebring in die opvatting oor die verhouding tussen die werklikheidservaring en die taal. Von Humboldt weier naamlik om taal as 'n passiewe werktuig van die uitdrukking te sien (Ullman, 1952:300). Inteendeel, taal is eerder 'n aktiewe beginsel wat op die denke 'n vaste stel onderskeidende waardes afdwing. Elke linguistiese sisteem bevat 'n analise van die werklikheid wat eie is aan homself en verskil van ander tale se analise. Binne dieselfde taal word die besondere werklikheidsiening oor generasies heen voortgedra om aan geslagte wat kom 'n interpretasie van die wêreld te gee wat eie is aan homself. Die besondere taalsisteem besorg aan sy gebruikers 'n prisma waardeur hy die nie-linguistiese sisteem moet aanskou (c f Mounin, 1968: 72 – 74; Ullman, 1952:300). Bogenoemde interpretasie, ontleen aan Mounin en Ullman, gee ook 'n duidelike verklaring van sekere van Von Humboldt se formules, soos “Taal is nie 'n *ergon* nie, maar 'n *energeia*” en “taal is die middel waardeur mense hulle konsepie, hul begrip en hul waardebe-paling van die objektiewe werklikheid skep.” Mounin, (1963:43 –47) vind agtereenvolgens by Cassirer, Jost Trier en Louis Hjelmslev dieselfde uitsprake. Hy haal dan die volgende voorbeeld aan uit Hjelmslev se Prolegomena: “Aldus kan dieselfde fisiese ‘ding’ hul verskillende semantiese beskrywings hê, afhangende van die siening van die besondere kulturele gemeenskap of beskawing ‘Perd’, ‘hond’, ‘berg’, ‘denneboom’ en-sovoorts, sal anders gedefinieer word in 'n gemeenskap wat dié dinge ken en gebruik, as in 'n gemeenskap wat hulle as vreemd ervaar. Dit wil egter nog nie sê dat laasgenoemde nie oor 'n woord beskik om hulle aan te dui nie, soos byvoorbeeld die Russiese woord vir olifant, naamlik ‘slon’. Die semantiese beskrywing van ‘olifant’ gaan verskillend wees vir 'n Hindoe of 'n boorling van Afrika, as vir 'n Europeër wat aan 'n olifant dink as sirkusdier of dieretuinvoorwerp”. (Vertaling deur skrywer).

Nog nader aan ons en meer onlangs is die siening van Von Humboldt herontdek, herformuleer en van konkrete analises en voorbeelde voorsien deur B.L. Whorf. Daardeur kry Von Humboldt 'n groter taalkundige gehoor van Amerika of tot in Europa en hierdie herlewing staan bekend as die “Sapir-Whorf hipotese” (J.B. Carroll, pp. 27 – 29). Whorf stel dit so dat: “alle waarnemers nie noodwendig dieselfde beeld van die werklikheid vorm nie,

tensy die linguistiese agtergrond van hulle denke dieselfde is" (Mounin, 1963:46). Volgens hom "is die taal in die eerste plek 'n klassifikasie en 'n reorganisasie van die ononderbroke stroom sintuiglike waarneming, 'n klassifisering en 'n reorganisasie met 'n besondere ordening van die buite-wêreld as resultaat". (Whorf, 1956: 214, 55). Die woord wat dikwels in hierdie beskrywings gebruik word, is dié snit (*découpage*, Fr; Eng. "to segment the world, to segment the situation, to dissect nature ... etc." Whorf, 1956: 55 – 162) – soos 'n snit in die ononderbroke film van ons siening van die wêreld, maar dan 'n snit wat van taal tot taal op 'n ander wyse gemaak word. Benveniste (1954:134) het dieselfde idee as hy sê: "Ons verbeeld in werklikheid wat ons taal eers vooraf gemodeleer het." So ook Martinet, (1957:116). "Ons sien in hoeverre dit die taal is wat ons praat wat ons beeld van die wêreld bepaal." By die enkele reeds genoemde skrywers noem Hans Hörmann (1971: 265 – sqq) ook nog die uitsprake van Weisgerber (linguistiek). Korzybski en Hayakawa (Algemene Semantiek) om aan te toon tot watter mate die siening van Whorf die linguistiek binnegedring het. Terwyl hierdie hipotese vir 'n tyd lank aansienlike toepassings gekry het in onder andere die psigologie (die Gestalt), die filosofie (Cassirer), die etnologie (Sapir), spreek Mounin (1963:50) sy verbasing uit dat niemand op duidelike wyse die uitwerking daarvan op die teoretiese probleme van vertaling toegepas het nie. En waar Hörmann (1971:276) 'n semantiese en metodologiese kritiese siening van Whorf gee, erken hyself dat hierdie kritiek minder teen Whorf en die essensie van sy hipotese gerig is as teenafleidings van sommige van sy oorywerige volgelinge. Feit bly staan dat waar Saussure reeds sterk laat twyfel het oor die geldigheid van vertaling, daar impliseer Whorf letterlik die ontkenning van enige moontlikheid van elke vertaling. Die moontlikheid om die werklike betekenis van taaluitsprake te bereik word ontken. Betekenis is nie meer universeel en algemeen soos die ervaringswêreld universeel en algemeen is nie.

Waar ons dus gesien het dat $a, b, c, d = A, B, C, D, \dots$

en $a', b', c', d' = A, B, C, D, \dots$

dus $a, b, c, d, \dots = a', b', c', d' \dots$

daar moet ons dit nou kwalifiseer deur te sê $a', b', c', d' \dots = A', B', C', D' \dots$ wat dan volg dat $a, b, c, d \dots$ nie meer gelyk is aan $a', b', c', d' \dots$ nie. Dit wil sê dat, taalkundig gesproke, die moontlikheid om 'n geldige praktiese

vertalingspraktyk te regverdig die nek ingeslaan word.

Is vertaling prakties moontlik?

Op die vraag: Is dit waar dat ons die werklikheid aanskou soos deur die 'lense' van 'n besondere taal, sodat die onderskeie beelde wat ons van dieselfde werklikheid verkry nooit dieselfde is nie? En: Is dit waar dat wanneer ons van die wêreld praat in twee verskillende tale, ons nooit van presies dieselfde wêreld praat nie, en dat vertaling daarom, wetenskaplik gesien, prakties nie moontlik is nie? (1963:51 – 53) probeer Mounin 'n antwoord gee aan die hand van die volgende voorbeeld:

Veronderstel dat, iewers in die heelal, 'n liggaam, 'n ster, 'n maan (stilstaande ter wille van die vergelyking) gesien kan word deur die bewoners van vier verskillende planete: die een, blou, aan die onderkant van hierdie maan; die ander, rooi, aan sy bokant; 'n derde, geel, aan sy westekant, en 'n vierde een, wit, aan sy oostekant. As die bewoners van hierdie vier wêreldde nou van hierdie maan praat, sou hulle nie van heeltemal dieselfde liggaam praat nie; met die weerkaatsende lig van hul eie planeet, sou hulle ook 'n ander aspek daarvan sien. Die bewoners van planeet A beskryf die halfsfeer $\Lambda' + \Lambda''$ (Λ' , die kwartsfeer, oranje, en die ander kwartsfeer Λ'' , pienk). Die bewoners van die planeet B beskryf die halfsfeer wat hulle sien, $B' + B''$ (B' groen en B'' helderblou) ensovoorts.

Geeneen van hierdie halfsfere val geheel saam met 'n ander nie. Die bewoners van A en C neem alleen die kwartsfeer A' gesamentlik waar, ensovoorts. Veronderstel nou dat hierdie bewoners net so min weet van astronomie as die aardbewoners van linguistiek, en bring hulle byeen. Hulle weet nie dat hulle nie van dieselfde maan praat nie. Die situasie van die onderskeie tale ten opsigte van die menslike ervaringswêreld is presies dieselfde: hulle praat van dieselfde voorwerp, maar nooit vanuit dieselfde gesigspunt nie. Dis dieselfde wêreld wat hulle noem, maar dis nooit dieselfde ervaring van hierdie wêreld wat hulle beskryf nie. Mens kan nie vertaal nie omdat jy nooit van presies dieselfde ding praat nie, selfs al is dit dieselfde voorwerp in twee onderskeie tale.

Harris (1954:151) benader dieselfde saak ietwat uit 'n ander hoek as hy dit nie as uitgangspunt neem dat ons die wêreld aanskou soos wat ons taal ons sou voorskryf om dit te sien nie. Hy is egter nog op dieselfde weg as Whorf met die vraag of die struktuur van die taal nie 'n outomatiese weerspieëling van die struktuur van die werklikheid is nie. Harris ontken hierdie stelling met die opwerking dat die verskillende tale een en dieselfde onveranderlike fisiese feit deur verskillende taalstrukture uitdruk, en bewys dié feit aan die hand van 'n aantal voorbeelde wat ons nie almal hier wil herhaal nie (cf Mounin, 1963:54 – 58). Slegs die volgende voorbeelde, waar die bekende sinne soos Piet slaan vir Paul, Paulum Petrus caedit, Petrus Paulum caedit, Paulum caedit Petrus, Pierre bat Paul (fr.) ensovoorts ontleed word asook waar “He swam across the river” gestel word teen die Fr. “il traversa la rivière à la nage”). Hierdie voorbeelde illustreer dieselfde standpunt as dié van Martinet (1960:16 en 25). “Elke taal kom ooreen met 'n besondere eiesoortige rangskikking van die werklikheidsgegewe ... Die menslike werklikheidservaring word binne verskillende gemeenskappe op ander maniere geanaliseer.”

Die teoretiese vraagstukke van vertaling sal nie begryp kan word of moontlik opgelos kan word nie as ons nie wil aanvaar nie – in stede van dit te wil omseil of ontken of ignoreer – dat daar duidelik feite bestaan wat vertaling as sodanig (teoreties) onmoontlik maak.

Geen teorie kan iets wien as hy feite wat in sy pad staan probeer ontken nie. As 'n teorie van vertaling aanvaarbaar wil wees, sal dit wees wanneer hy ten

minste probeer om die feite wat die teendeel probeer bewys, verstaan, analiseer en moontlik ook integreer.

Maar aangesien niemand kan ontken dat die praktyk na vertaling nog altyd bestaan het nie en nog steeds bestaan, kan die volle kant van die universaliteit van tale hier as teenredenasie ingebring word. Linguiste wat per definisie ingestel is op verskille tussen tale, noem ook baie duidelik die raakpunte, die ooreenkomste en onderliggende universele kenmerke van alle tale. Benveniste (*De la Subjectivité dans le langage* pp. 201 – 262) stel dit as 'n aanvaarde feit, en Nida (*Principles of translation* p. 20) noem eksplisiet hierdie kategorieë van woordsoorte wat 'n merkwaardige ooreenkoms van taal tot taal vertoon. Whorf (1958:139) praat van 'n S.A.E. (Standard Average European) waar 'n mate van homogeniteit in die kulturele en ervaringswêreld heers, en waar vertaling op sigself 'n groter moontlikheidsgraad vertoon. So ook noem Weinreich (1953:57) die aansienlike massa van gemeenskaplike Europese kultuur wat weerspieël word in die uitgebreide korpus van gemeenskaplike woordeskat in alle Europese tale. Dit laat ten minste die hoop bestaan dat hierdie universele raakpunte van taal getranskodeer kan word in enige bestaande taal. Die linguistiek stel dit so dat "in alle bekende tale vind mens: — die dubbele artikulasie (artikulasies op die vlak van die betekenis-eenheid, die morfeem, en op die vlak van die onderskeidende eenheid, die foneem), die beperkte getal foneme wat in taal gebruik word (minder as 50 foneme) en die sintaktiese kategorieë (Galisson en D. Coste, *Dictionnaire*, p. 580). Op een of ander wyse onderskei alle tale tussen 'n verlede, hede en toekoms, want die menslike gees onderskei tydsvlakke. Alle tale kan ruimtelike onderskeidings maak, bo en onder, regs en links. Alle tale kan voorwerpe benoem wat die oog bemerk, kan klanke onderskei wat die oor kan hoor, en smake beskryf wat die tong aanraak. Alle tale onderskei tussen wat een is en wat meer-voudig is. Maar nogtans, al het al die tale vorme en strukture om die universele van die menslike gees te beskryf, dan is daardie vorme en strukture nog nie presiese kopieë van die een tot die ander nie. Met die essensiële universele menslike gees as basis het elke taalgemeenskap afsonderlik sy eie taalinstrument gevorm en die besondere maniere van indrukking gee elk op sy beurt vandag sy weergawe van die algemene en universele raakpunte tussen tale.

Universele raakpunte tussen tale

Samevattend kan net gestel word dat raakpunte tussen tale (of konvergen sie tussen tale) gesien word vanuit die kosmologiese aspek (alle mense bewoon dieselfde planeet), die biologiese aspek (mense met dieselfde fisiologiese en psigologiese samestellings). Dit kan ook gebaseer word op die sosiologiese, antropologiese, kulturele en selfs linguistiese ooreenkomste. Die intervertaalbaarheid tussen twee tale is immers die resultaat van die kontakgeskiedenis van die twee tale, sowel as van hul ooreenstemmende eienskappe.

Teenoor die nuwe oortuiging dat taalkommunikasie en gevolglik intertaal kommunikasie 'n soort van ingebore vermoë is, 'n bio-fisies-psigologiese eienskap wat deur alle mense gedeel word soos die gesig en die gehoor, het ons die siening dat die semantiese velde van taal tot taal verskil, meer nog, dat elke taal op sy gebruikers 'n sekere siening van die werklikheid afdwing, deur die ervaring wat hulle van die wêreld het anders te analiseer. Die gevolgtrekking wat die vertaler hieruit maak, is dat vertaling nie altyd moontlik is nie. Vertaling is slegs in 'n mate moontlik, en binne sekere perke.

As vertaling in onkundige hande gelaat word en as die beperkende feite van wat ons genoem het "die verskille in werklikheidsvisie" nie in aanmerking geneem word nie, dan word vertaling 'n blote oorskryf, 'n letterlike vertaling, 'n direkte transkodering van een taal na 'n ander. Die produk is nóg die brontaal, nóg die teikentaal, maar 'n soort tussentaal, 'n broutaal wat die gebruikers van die teikentaal nie ken nie en net verwar. Sonder om voorbeelde te noem, is ek nogtans seker dat Afrikaans wemel van woorde en uitdrukkings wat die taal binnegedring het as gevolg van die veralgemening van 'n vertalingspraktyk wat vertaling degradeer en begrip benadeel. Maar in plaas van hierdie perke as absoluut te stel, is dit die taak van die linguïstiek soos toegepas op vertaalkunde, om hierdie mate te beskryf, hierdie perke te bepaal. Statistieke van vertaalfoute vir 'n gegewe teks, tussen twee tale kan al openbarend wees, en kan mettertyd die noodsaaklike taalkontak bring wat die voorheen onvertaalbare al meer vertaalbaar maak. Om 'n voorbeeld te noem: die oorweging van die vertaal-

baarheid van Russies na Frans moet rekening hou met die vergelykende beskrywing van die twee tale (suiwer beskrywende linguistiek) maar dit moet ook rekening hou met die hele geskiedenis van die kontak tussen die twee tale. Om van Russies na Frans te vertaal in 1970 beteken geensins dieselfde handeling as om van Russies na Frans te vertaal het in 1770 of in 1870 nie. Vanaf die 18de eeu egter het elke vertaling, elke reis, elke reisbeskrywing 'n gemeenskaplike situasie tussen dié twee tale besorg, elke kontak het die volgende kontak verhelder, tot met die vloedgolf vertalings van Tolstoi en Dostoïevski wat telkens kontak besorg met miljoene Franse lesers, sodoende die verskil tussen die uiteenlopende taalsituasies te vernou.

So is die probleem van die onvertaalbaarheid nie 'n absolute, metafisiese idee nie, maar 'n relatiewe begrip. Mens kry geen ander opvatting in die hedendaagse linguistiek nie as dat vertaling 'n handeling is wat relatief bly in sy sukses, veral as dit gaan om die taal in sy geheelsomvang, insluitende sy mees subjektiewe boodskappe. Kommunikasie deur vertaling is dan eintlik nooit afgerond en klaar nie, wat ook beteken dat dit ook nooit tootaal onmoontlik is nie. Die onderskeidende werklikheidsvisie wat vertaling teoreties onmoontlik maak, word getemper deur die universele raakpunte tussen tale wat vertaling voorwaardelik maar prakties moontlik maak.

BIBLIOGRAPHIE

- BENVENISTE, E. 1954. Tendances récentes en linguistique générale. *JdP* no. 1-2, pp. 130 - 145.
- BENVENISTE, E. 1959. De la Subjectivité dans le Langage. *JdP* no. 3, pp. 252 - 265.
- CARROLL, J.B. 1965. Introduction B.L. Whorf (1956). *Language, thought and reality*. New York, Wiley.
- GALLISON, R en COSTE, D. 1976. Dictionnaire de didactique des langues. Parys, Hachette.
- HARRIS, Z.S. 1954. Distributional Structure. *Word*, no. 2- 3, pp. 146 - 162.
- HÖRMANN, H. 1971. Introduction à la Psycholinguistique. Parys, Larousse.
- MARTINET, A. 1957. Arbitraire linguistique et double articulation. *Cahiers Fds* no. 15, pp. 105 - 116.
- MARTINET, A. 1960. *Éléments de linguistique générale*. Parys, Colin.
- MOUNIN, G. 1963. *Les problèmes théoriques de la traduction*. Parys, Gallimard.
- MOUNIN, G. 1968. *Clefs pour la Linguistique*. Parys, Seghers.
- NIDA, E.A. 1965. Principles of translation exemplified by Bible translation. (In: R.A. Brower. Ed. *On translation*. Cambridge, Harvard University Press.)
- SAUSSURE, F. de. 1961. *Cours de linguistique générale*. Lausanne, Payot.
- ULLMAN, S. 1952. *Précis de sémantique française*. Berne, Francke.
- WEINREICH. 1953. *Languages in contact*. Den Haag, Mouton.
- WHORF, B.L. 1958. *Language, thought and reality*. New York, Wiley.